**10 November** **Skrifgedeelte: Matteus 22:23-33**
**Fokusgedeelte: Matteus 22:29-32**

## God is ’n God van lewendes!

Die Sadduseërs, as ’n Joodse party in Jesus se tyd op aarde, het ’n paar keer met Hom swaarde gekruis. Hulle het glad nie aan die bestaan van geeste en engele geglo nie, en ook nie aan die opstanding nie. Hieroor probeer hulle Jesus nou vasvra. Daar was ’n vrou wat in haar leeftyd sewe keer agtereenvolgens getroud was. Wie sal met die opstanding haar man wees?

Die agtergrond hiervan is die swaershuwelikswetgewing van die Ou Testament. Daarvolgens moes die broer van ’n man wat sonder seuns sterf, met die oorledene se weduwee trou en by haar kinders verwek. So sou die oorledene se naam kon voortleef. Jesus antwoord dat dit in die hemel totaal anders as op aarde is. In die hemel is daar nie meer huwelike nie. Daar leef mense in ’n totaal ander verhouding tot God en tot mekaar.

Verder ken die Sadduseërs nie hulle Bybel nie. Die opstanding van die dooies word al in Eksodus 3:6 genoem. Lank ná die sterwe van Abraham, Isak en Jakob, sê God vir Moses: Ek is hulle God. Hulle moet dus nog leef. Hiermee getuig Jesus dat God is wie Hy is: ’n lewende God, en God van die lewendes. Wie in Hom glo, sal lewe, al het hulle ook gesterwe.

*Sing: Ps 90:7, 9* *Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*